**DIT WAARNA ONS MET SEKERHEID KAN UITSIEN EN WAARVOOR ONS SONDER OPHOU MOET BID**

'n Vergelyking tussen Yeshayahu 60 en die boek van Openbaring

Na die dag wanneer die grootheid van Yahweh ons enigste lig sal wees (60:1 "jou lig kom, en die grootheid van Yahweh gaan oor jou op" - vgl Openbaring 21:23 en 22:5)
Na die dag wanneer konings hulle eie nietigheid en beperktheid in die lig van Yahweh se grootheid sal erken (60:3 "nasies sal trek na jou lig, en konings na jou stralende opgang" - vgl Openbaring 11:15 en 21:24
Na die dag wanneer al die nasies na Yerushalayiem sal kom om voor Yahweh die Almagtige te buig (60:5 "die skatte van die nasies kom na jou toe aan" - vgl. Openbaring 7:9-12 en 15:4)
Na die dag wanneer niemand meer sal huiwer om die roemryke dade van Yahweh te verkondig nie (60:6 "en verkondig met blydskap die roemryke dade van Yahweh" - vgl. Openbaring 5:9-10 en 7:9-12)
Na die dag wanneer die uitverkorenes uit elke wêrelddeel soos duiwe na hulle ewige bestemming sal "vlieg" (60:8 "Wie is dit wat daar aangevlieg kom ... soos duiwe na hulle vensters?" - vgl. Openbaring 7:9 en 19:14)
Na die dag wanneer die stad Yerushalayiem soos 'n bruid sal wees wat vir haar man versier is - meer nog, deur Yahweh self voortreflik gemaak is (60:9 "omdat Hy jou voortreflik gemaak het" - vgl. Openbaring 21:2 en 21:11)
Na die dag wanneer die nasies (ook Livanon!) na Yerushalayiem sal kom - nie om mure af te breek nie, maar om mure op te bou (60:10-13 "En uitlanders sal jou mure bou" - vgl. Openbaring 21:23-26).
Na die dag wanneer die volgelinge en die stad van Yahweh duidelik met sy Naam gemerk sal wees (60:14 "en hulle sal jou noem: Stad van Yahweh" - vgl. Openbaring 3:12 en 14:1)
Na die dag wanneer dit wat aan Yahweh behoort nie meer gehaat en geïsoleer, maar opgesoek en verhoog sal word (60:15 "In plaas dat jy verlate en gehaat is...sal Ek jou maak tot 'n ewige voortreflikheid" - vgl. Openb. 15:4 en 21:24)
Na die dag wanneer vrede en geregtigheid na vore sal kom op 'n manier soos dit nog nooit in hierdie wêreld geken is nie (60:17-19 "Ek sal Vrede as jou owerheid aanstel en Geregtigheid as jou bestuurders" - vgl. Openbaring 21:27 - 22:3)
Na die dag wanneer hartseer en lyding en droefheid nie meer deel van ons belewing van elke dag sal wees nie (60:20 "die dae van jou treurigheid is verby" - vgl. Openbaring 7:15-17 en 21:4)
Na die dag wanneer dit wat volgens wêreldse standaarde klein en gering was, groot en roemryk gemaak sal word (60:22 "Die kleinste sal 'n geslag word en die geringste 'n magtige nasie" - vgl. Openbaring 3:8-12 en 7:9).